

Eyaas Johnson van Athlone Saterdag druk besig om ’n troeplid se voorkoms te verander.



Raees en Eyaas Johnson van die Pennsylvanians is ook gesigverwers. Nadat hulle Saterdag talle gesigte geverf het, het hulle uiteindelik kans gekry om mekaar te verf voordat hulle aan die vieringe deelgeneem het.



Ook Tashreeq Davids, ’n lid van die Pennsylvanians, se gesig is deur die broers omtower.

## BROERS VAN ATHLONE DOEN DIT AL 15 JAAR

# Hulle kleur met fleur die Klopse in

Keziah Bailey



Fawwaz Abrahams van die Juvie Boys-klopsegroep kry ’n “nuwe gesig”. Foto’s: THEO JEPTHA

Twee broers van Athlone omtower al 15 jaar lank mense se gesigte met kleurvolle patrone vir die jaarlikse Kaapse Klopse-karnaval.

Vanjaar het Raees (35) en Eyaas Johnson (38) ongeveer 70 gesigte beskilder.

Die broers, sowel as hul pa, Elias Johnson (65), neem ook aan die Klopse-karnaval deel. Die gesin behoort aan die Pennsylvanians-troep.

Raees sê dit is vir hom wonderlik om te sien hoe tevrede mense met die eindproduk is.

Hulle bedryf ook ’n haarsalon by hul huis.

Die troepe gebruik spesifieke kleure, patrone en style met hul optrede. Jare gelede is slegs swart en wit gebruik, maar mettertyd het dié tradisie verander.

Vir baie mense is dit belangrik om hul gesig te verf omdat hulle “soos ’n klops wil voel”, sê Raees.

Vroeër jare het hulle die verf met ’n sponsie aangewend, maar die afgelope vyf jaar gebruik hulle spuitverf. Raees sê party mense verkies steeds die “ou manier”.

Vir baie mense is die gesigverwery ’n belangrike tradisie.

Eyaas sê hy het “aan ’n (verf)kwas begin vat” nadat hy hom jare gelede tydens vieringe verwonder het aan die klopse se kostuums en die mooi kleure. Sy 10-jarige seun leer ook nou gesigte verf.

*Die Burger* het berig dat 20 000 troeplede deelgeneem en sowat 50 000 toeskouers met hul danspassies en kleurvolle kostuums vermaak het.

Sowat 22 groepe het aan die straatparade deelgeneem.

Intussen sê Muneem Gambino, direkteur van die Kaapse Klopsekarnavalvereniging (KKV), hulle verwerp nie die voorstel dat dié geleentheid ook in ander provinsies gehou word nie, “al is dit ook ’n verkorte weergawe daarvan”.

“Dit is nogal ’n lekker idee om dit in ander provinsies te hou. Natuurlik sal ons die hulp van daardie provinsies benodig.

“Dit is ’n groot affêre met ’n hele klompie mense.

“In die verlede het ons altyd ’n groep of twee oorsee gevat na feeste toe, of as daar in Gauteng ’n storietjie is of so,” sê Gambino.



Kinders stap met hul beskilderde gesigte huis toe.

Die nodige hulpbronne moet wel beskikbaar wees en daar moet dan net besluit word wanneer die optrede moet plaasvind en of dit met ’n bepaalde dag moet saamval.

Gambino sê hulle is nog nie gevra om in ander provinsies op te tree nie. **– kezia.bailey@media24.com**



Ishra Henry (8) van die West London All Stars-troep van Athlone het ook onder Eyaas Johnson se kunstenaarshande deurgeloop.

## Dit skitter en blink op die rooi tapyt by die Golden Globes

**Die sterre het Sondagaand behoorlik geskitter by die 82ste jaarlikse Golden Globes-prysgeleentheid in die Beverly Hilton-hotel in Beverly Hills, Kalifornië.**



Elle Fanning in ’n goue uitskoprok van Balmain met modieuse luiperdvel op die borsstuk op die rooi tapyt voor die 82ste Golden Globes-prysaand in Beverly Hills. Sy is te sien in *A Complete Unknown*, wat onder meer vir beste rolprent benoem is. Foto: GOLDEN GLOBES



Die aktrise Pamela Anderson is geklee in ’n vollengte swart aandrok van Dior met bypassende operahandskoene wat tot by haar elmboë strek. Sy is benoem vir haar spel in ***The Last Showgirl***. Foto: GETTY IMAGES



Zendaya, wat benoem is vir haar vertolking in *Challengers*, in ’n roeskleurige Louis Vuitton-skepping. Die rok is in ’n klassieke balroksnit, maar die kleur het verras. Foto: GETTY IMAGES



Anya Taylor-Joy in ’n glansrok van ligte pienk met dun skouerbandjies en silwer bykomstighede. Die rok is klassieke Dior. Sy was een van die aanbieders op die spoggerige aand. Foto: GETTY IMAGES



Die aktrise Cate Blanchett geklee in ’n goue rok van die ontwerpershuis Louis Vuitton. Sy het dieselfde rok by die Cannes-rolprentfees verlede jaar aangehad. Foto: GETTY IMAGES

# Nuwe jaar bring nuwe hoop vir Toks se eks

Anè van Zyl



Carol Avenant, wat voorheen met Toks van der Linde getroud was.

Die nuwe jaar bring nuwe hoop vir Carol Avenant (48), wat in 2024 deur die verbrokkeling van haar huwelik met die oud-Bok en TV-aanbieder Toks van der Linde is.

Die pyn van hul egskeiding lê nog vlak, maar sy werk daaraan om haar lag terug te kry.

Carol, wat ses en ’n half jaar lank Toks se vrou was, het tydens die huwelik toegekyk hoe Toks hom tot pille en drank wend en gesien hoe dit van hom ’n ander mens maak, het *Huisgenoot* voorheen berig.

Dit het soms vir Carol gevoel asof sy haarself verloor het. Nou, in haar eie woonplek in Kraaifontein, begin sy haarself weer vind.

“Ek het baie jare lank ’n groot rol gespeel – ek moes perfek wees,” sê Carol, wat oorspronklik van Potchefstroom af kom. “Ek kon nie regtig myself wees nie. Ek kon nie kwesbaar en net mens wees nie. Maar nou kan die regte ek uitkom, en dit is fantasties.

“Ek koester die vriendskappe wat nog sterk bly, want dit is die mense wat my regtig ondersteun en liefhet. Ek het dalk nie ’n groot sirkel nie, maar hulle is uiters spesiaal vir my.”

Carol het nie meer kontak met Toks nie en hulle praat net deur hul prokureurs, het *Huisgenoot* berig.

Carol sê sy verwerk ook nog die verlies van haar pa, Johnny Avenant, wat in Julie verlede jaar dood is ná ’n beroerte en hartaanval. “Ek glo hy is nog by my, kyk af op my en is trots op my. Ek sal soms my hand op sy gholfhandskoen sit en dan voel ek naby aan hom. Hy was altyd my grootste *cheerleader*.”

Carol woon nou op haar eie in ’n kompleks in Kraaifontein, maar het die geselskap van haar geliefde hond, Machiko.

Nou, as deel van haar genesingsproses, lees sy graag storieboeke en veral selfhelpboeke. “Die een wat ek nou lees se naam is: *The Dysfunctional Dance Of The Empath And Narcissist*. Dis baie lekker om myself te verryk met selfhelpboeke.

“Ek begin ook al hoe meer uitkom op my eie – iets wat ek die laaste tyd baie afgeskeep het. Ek begin meer moeite doen om tyd saam met vriendinne deur te bring.

“Ek kuier saam met my susters en gaan kyk mode- en musiekvertonings. Ek begin dit ook oorweeg om weer klavier te speel – iets wat ek as kind laas gedoen het.”

Wat werk betref, vat sy nou ’n blaaskans, maar iets groots wag op die horison. Meer daaroor wil sy nog nie verklap nie.

Sy het voorheen as direkteur van strategiese kommunikasie in die Wes-Kaapse premier se kantoor gewerk.

“In die nuwe jaar wag ’n nuwe uitdaging in die private sektor. Ek sien uit na nuwe beginne,” sê Carol.

Simon’s Kloof CID

KENNISGEWING VAN LEDEVERGADERING

Die **Simons Kloof Gemeenskap Verbetering Distrik NPC (SKCID)** gaan ’n ledevergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi vir oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en beplanning vir 2025/26.

**DATUM: 28 JANUARY 2025 | TYD: 6:00NM | PLEK: SIMONSTAD STADSAAL**

Net bona fide-lede van die SKCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die SKCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar julle moet voor 19 January 2025 geregistreer word.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.simonskloofcid.co.za of bel 079 362 7186.**